

26 Februarie 2014

**Skrifgedeelte: Psalm 116 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 116:16 & 17**

Dienaars van God is dankbaar!

Die Hebreeuse woord wat in vers 16 gebruik word, en vertaal is met “kneg” (OAV) of “dienaar” (NAV) kan letterlik as “slaaf” vertaal word.

In die Grieks-Romeinse wêreld is slawe as eiendom beskou. Dit was van so 'n aard dat slawe in die oë van die reg van daardie tyd as “goed” of “besittings”, eerder as “mense”, beskou was. Indien jy dus iemand se slaaf was, het jy aan daardie persoon behoort en daarom was jy verplig om hom te gehoorsaam, sonder enige teenstand.

Die Psalmdigter beskou homself dus as 'n slaaf van die Here, en dan gee hy ook die rede daarvoor in vers 16, wanneer hy sê dat die Here hom vry gemaak het. Dit is ook juis oor hierdie vryspraak dat die Psalmdigter sy lewe aan die Here verskuldig is en daarvoor wil hy die Here met 'n dankoffer loof.

As Nuwe-Testamentiese gelowiges noem ons Jesus ons Here. Dan bely ons daardeur dat ons sy eiendom is en dat Hy absolute besittingsreg oor ons het (vgl. HK So. 13). Daarom het ons soveel meer rede tot dankbaarheid. Christus het ons verlos van die harde juk wat die sonde op ons geplaas het. Christus was bereid om slaaf te word, sodat ons bevry kan word (Fil. 2:7). Sy bloed het die prys geword waarmee Hy ons van die sonde losgekoop het. Sy juk is waarlik sag (Matt. 11:28-30).

Boonop is sy genade só groot dat ons Here ons nie weer onder die juk van slawerny plaas nie. Alhoewel ons dit verdien om slawe te wees, is sy genade só groot dat Hy ons sy kinders noem (Rom. 8:15). Die genade van God is nóg groter as net dit. Die feit dat ons kinders van God is, maak dat ons ook erfgename van al die rykdom van God se koninkryk is (Gal. 4:7).

Hoor jy hierdie genade! Sien jy ook waarom ons 'n lewe van dankbaarheid aan ons Here verskuldig is? Kom ons dank Hom elke dag daarvoor!

Sing: Psalm 116:10

Ds. PJ (Paul) de Bruyn (Oos-Londen)